UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DIE WANGEMANN TEKENINGE IN DIE NASIONALE KULTUURHISTORIESE EN OPELUGMUSEUM, PRETORIA.

deur

R I T A   B O T H A

Skripsie ingedien vir die Nagraadse
Diploma in Museumkunde van die
Departement Afrikaanse en
Nederlandse Kultuurgeskiedenis,
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA, Pretoria.

15 Mei, 1987.

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## AFKORTINGS

**********

| | |
|---|---|
| B.S.G. | Berlynse Sending Genootskap |
| Z.A.R. | Zuid-Afrikaanse Republiek |
| N.G. Kerk | Nederduits Gereformeerde Kerk |
| N.G. pastorie | Nederduits Gereformeerde Kerk se pastorie. |

© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DIE WANGEMANN TEKENINGE IN DIE NASKO MUSEUM. PRETORIA.


| HOOFSTUK ******** | INHOUD ****** | PAGINA ****** |
|---|---|---|
| I. | INLEIDING | 1 - 4 |
| II. | BIOGRAFIE VAN H.T. WANGEMANN | 5 - 16 |
| | 1. Die gesin Wangemann (1818-1832) | 5 |
| | 2. Jeugjare in die Gimnazium zum Grauen Kloster (1832-1836) | 5 - 7 |
| | 3. Universiteitsjare (1836-1840) | 7 - 9 |
| | 4. Kandidaatsjare (1840-1845) | 9 - 10 |
| | 5. Rektor en Hulpprediker in Wollin (1845-1849) | 10 - 11 |
| | 6. Aartsdeken en Seminaardirekteur in Cammin (1849-1865) | 11 |
| | 7. Sendingdirekteur in Berlyn (1865-1885): Wangemann se reise in Suid-Afrika | 12 - 14 |
| | 8. Laaste jare | 14 |
| | 9. Waardering van die Werk van Wangemann | 15 - 16 |
| III. | DIE BERLYNSE SENDINGGENOOTSKAP | 17 - 19 |
| | 1. Ontstaan | 17 - 18 |
| | 2. Opleiding van Sendelinge | 18 - 19 |
| | 3. Die Berlynse sendinggenootskap in Suid-Afrika | 20 - 21 |
| | a) Die B.S.G. in die Oranje-Vrystaat | 22 - 23 |
| | b) Die B.S.G. in die Kaapkolonie | 23 - 25 |
| | c) Die B.S.G. in Kaffraria | 25 - 26 |
| | d) Die B.S.G. in Natal | 26 - 27 |
| | e) Die B.S.G. in Transvaal | 27 - 29 |
| | 4. 'n Beskrywing van enkele sendingstasies | 30 - 55 |
| | a) Bethanie (1834) | 30 - 37 |
| | b) Pniël (1849) | 37 - 39 |
| | c) Amalienstein (1853) | 39 - 43 |
| | d) Christianenburg (1854) | 43 - 44 |
| | e) Warthburg (1860) | 45 - 46 |
| | f) Gerlachshoop (1860) | 46 - 47 |
| | g) Lydenburg (1860) | 47 - 49 |
| | h) Emangweni (1863) | 49 - 50 |
| | i) Botshabelo (1865) | 50 - 53 |
| | j) Pretoria (1866) | 53 - 55 |
| | 5. Kwyning van die B.S.G. | 55 - 56 |
| | 6. Invloed van die Duitse sendelinge in Suid-Afrika | 56 - 57 |


© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DIE WANGEMANN TEKENINGE IN DIE NASKO MUSEUM. PRETORIA.

(VERVOLG)


| HOOFSTUK | INHOUD | PAGINA |
|---|---|---|
| IV. | INLEIDING TOT DIE KATALOGUS | 58 - 164 |
| | 1. Eerste Reisjaar (1866 - 1867) | 59 - 106 |
| | 2. Tweede Reisjaar (1884 - 1885) | 107 - 158 |
| | 3. Israel (1867) | 158 - 164 |
| V. | MUSEUMKUNDIGE ASPEKTE | 165 - 183 |
| | 1. Inleiding | 165 - 166 |
| | 2. Restourasie | 166 - 167 |
| | 3. Bewaring | 167 - 168 |
| | a) Inherente faktore | 168 - 169 |
| | b) Eksterne faktore | 170 |
| | i) Hantering | 170 - 171 |
| | ii) Omgewing | 171 - 173 |
| | iii) Lig | 173 - 176 |
| | iv) Hitte | 176 |
| | v) Lugbesoedeling | 176 - 177 |
| | vi) Insekte | 177 - 178 |
| | 4. Die uitstalling van die Wangemann tekeninge | 178 - 183 |
| | a) Wat is 'n uitstalling | 179 - 180 |
| | b) Tema | 180 |
| | c) Doelstellings | 180 - 181 |
| | d) Teikengroep | 181 |
| | e) Die verhaal of boodskap | 181 |
| | f) Die bekendstelling | 181 |
| | g) Uitstallingsmateriaal, uitstallingsduur en uitstallingslokaal | 181 - 182 |
| | h) Evaluering | 183 |
| | i) Finansies | 183 |
| | j) Personeel | 183 |
| VI. | BYLAAG - Brief van pastoor Lehman | 184 |
| VII. | BRONNELYS | 185 - 186 |


© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DIE WANGEMANN TEKENINGE IN DIE NASIONALE KULTUURHISTORIESE- EN OPELUGMUSEUM, PRETORIA

## I. INLEIDING

Die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum in Pretoria is in besit van 'n unieke versameling tekeninge van H.T. Wangemann, een van die direkteure van die Berlynse Sendinggenootskap. Dit is aan die eerlike en objektiewe lewensopvatting van Hermann Theodor Wangemann te danke, dat daar soveel inligting oor die sending gedurende die 19de eeu in Suid-Afrika behoue gebly het. In die geskiedenis sal Wangemann onthou word as een van die mees bekwame en vurige voorstanders van sendingwerk wat Duitsland voortgebring het.

Vir navorsingsdoeleindes is daar van boeke, tydskrifte, mondelinge mededelinge, korrespondensie met die Berlynse sending in Duitsland, asook persoonlike waarneming gebruik gemaak. As primêre bron is Wangemann se geskrifte en tekeninge waardevolle kultuurhistoriese dokumente; dit verskaf ook waardevolle inligting oor die sendingstasies wat gedurende die 19de eeu opgerig is. Die tekeninge toon onder andere woningbou van sowel blank as swart inwoners van die sendingstasies, kerkbou, skole, landerye en veekrale, vervoermiddels en gebruike aan.

Omdat die versameling Wangemann - tekeninge nog nooit gedokumenteer is nie, is die doel van hierdie skripsie om 'n bydrae tot die museumliteratuur te lewer deur die ontsluiting van hierdie waardevolle Africana tekeninge.

In 1954 het die Transvaal-museum hierdie versameling van 106 tekeninge, waarvan die meerderheid nie onderteken is nie, teen 'n bedrag van R130 van die kunshandelaar W.A. Luz te Berlyn aangekoop. Die versameling het ingesluit:



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

48 waterverf tekeninge en 48 loodpootloodtekeninge, 6 groterige waterverf studies, 1 klein waterverf werkie in 'n heel eiesoortige uitbeeldingstyl en 3 gewone potloodsketse. Die tekeninge is almal van Suid-Afrikaanse landskappe of sendingstasies van die Berlynse Sendinggenootskap in Suid-Afrika.

Die Transvaal-museum was aanvanklik onder die indruk dat die tekeninge die werk van die sendeling August Prozesky was en die versameling is trouens om die rede van Luz aangekoop.

In 'n artikel deur D.W. van der Merwe (1) gaan hy deeglik op die outeurskap van die versameling tekeninge in en bewys dat hulle ongetwyfeld werke van H.T. Wangemann is met die uitsondering van drie wat onderteken is met die letters A.P. en daarom gereken kan word as die werk van August Prozesky.

'n Groot aantal gravures van die tekeninge kom voor as illustrasies in Wangemann se <u>Ein Reise Jahr in Südafrika</u> wat hy as dagboeke gedurende sy eerste reis van 1866 tot 1867 tydens besoeke aan die Berlynse sendingstasies gemaak het. Die ander is gedurende sy tweede sendingreis in 1884-1885 gemaak en hoewel die werk nie geïllustreer is nie, maak hy telkens melding daarvan dat hy tekeninge van die stasies gemaak het en die datums en plekname stem dan ook ooreen met sy besoeke soos opgeteken in die dagboek. Pastor H. Lehman van die Evangelische Kirche in Berlin-Brandenburg bevestig ook dat dit wel Wangemann en nie Prozesky se tekeninge is nie: 'Die Tekeninge, waarna u hier verneem, is goed aan ons bekend. Dit ly geen twyfel, dat hulle van Sendingdirekteur Wangemann afkomstig

---

(1) D W van der Merwe, Die Sendingsketse van H.T. Wangemann, <u>Historia</u> 18(1), Maart 1973, pp 30 - 38.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is nie. Hy het in 1865 en 1884 reise deur Suid-Afrika onderneem. Omdat daar destyds nog geen kameras was, wat op 'n reis saamgeneem kon word nie, het hy voor die aanvang van sy eerste reis onderrig in teken- en skilder in Berlyn ontvang. Van die oorspronklike tekeninge is toe in Berlyn gravures gemaak en die tekeninge het in sy boeke en in die Sendingblad van die B.S.G. verskyn. Sendeling August Prozesky kan beslis nie die tekenaar wees nie aangesien hy eers in 1866 na Suid-Afrika gekom het en op die Sendingstasie Kônigsberg in Natal gevestig was"(2).

In die lewensbeskrywing van H.T. Wangemann word ook vermeld dat hy sedert sy kinderjare reeds sy briewe aan sy ouers aangevul het met illustrasies.

Benewens hierdie versameling tekeninge in die Museum, die gravures daarvan, asook tekeninge wat nie in die museum se besit is nie, wat in sy reisjoernale en in die Berliner Mission verskyn het, het die Museum ook 'n aantal foto's van die Argief van UNISA ontvang van tekeninge wat dr. Wangemann ook tydens sy Suid-Afrikaanse besoeke gemaak het, maar wat nog in besit van die Evangelische Kirche in Berlin-Brandenburg (Berlyn Wes) is. Hierdie tekeninge sowel as die verskille tussen die tekeninge in besit van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmusem en die gravures daarvan soos dit in die Reisjoernaal verskyn het, word in hierdie skripsie buite rekening gelaat.

Hierdie studie gaan ook gebruik word vir die opstelling van 'n katalogus wat gepubliseer gaan word deur NASKO-Museum sowel as in 'n uitstalling in die

---

(2) Skriftelike mededeling: H Lehman, Evangelische Kirche in Berlin-Brandenburg (Berlin West), Berliner Missionswerk, 1000. Berlin 41, Hantjerystr. 19 -20, 1986.3.26.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

museum.

Ten slotte wil ek graag vir dr J.C. Pretorius, mev Petra van Zyl, mev Elda Grobler, mnr. Vasili Lianoridis en ook aan mnr & mev. Colin Janse vir die neem en ontwikkeling van die foto's van NASKOM hartlik bedank vir al die hulp en inligting wat ek van hulle ontvang het. Ook my dank aan mev. Nettie Bouwer vir die tik van die skripsie, Jansie van der Walt vir haaar hulp met die Duits van die briewe en mev. Eldie Bührmann vir die taalversorging. Vervolgens bedank ek dr. Paul Skoberla vir die ontsyfering van die inskripsies op die tekeninge en ten slotte is ek baie dank aan my skripsieleier mej. M. van Heerden verskuldig.



© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# II. LEWENSGESKIEDENIS VAN H.T. WANGEMANN 1818-1894

## 1. Die gesin Wangemann (1818-1832)

Hermann Theodor Wangemann is die aand van 27 Maart 1818 in Wilsnack gebore. Hy was die derde kind van sy ouers. In die gesin was daar vier seuns en drie dogters.(1)

Sy vader, Johannes Theodosius Wangemann, het uit 'n eens welgestelde familie gestam wat aan die Herrnhüter Brüdergemeinde behoort het, maar hy het as musiekonderwyser verarm. Die familie was besonder musikaal.(2)

Ook sy moeder, Maria Magdalena Flügel, het uit 'n familie van die Brüdergemeinde gestam. Net soos haar man het ook sy deur eie studie haar skooleksamens afgelê en haar briewe aan Theodor getuig van 'n hoë geestesbeskawing.(3)

Die ideaal wat Theodor sedert sy kinderdae gekoester het, was om God lief te hê en te dien nie terwille van enige loon nie maar terwille van Homself.(4)

## 2. Jeugjare in die Gymnazium zum Grauen Kloster (1832-1836)

Die veertienjarige Theodor het swaar afskeid geneem van sy ouerhuis in Wilsnack toe hy op 30 April 1832 na die Gymnazium zum Grauen Kloster in Berlyn vertrek het.(5) Dit het dan ook 'n groot aanpassing vereis om oor te skakel van die ontspanne, liefdevolle atmosfeer tuis na die streng geroetineerde program van die kloosterskool. Om vyfuur soggens het die skoliere opgestaan, van half ses

---

(1) H Wagemann, D.Dr. Wangemann Missionsdirektor, p1.
(2) Ibid, p 2.
(3) Ibid, p 3.
(4) Ibid, pp 11-12.
(5) Ibid, p 16.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tot half agt was daar studie, daarna ontbyt en dan die daaglikse skoolonderrig van agtuur tot twaalfuur. Vier dae per week was daar middagskool van twee tot vyfuur. As die leerlinge saans om nege-uur bed toe moes gaan was dit vir niemand te vroeg nie.(6)

Omdat Theodor se ouers behoeftig was, was hy swakker geklee as die ander seuns en moes hy heelwat spot verduur. Hy het dan sy vuiste gebruik om hom hierteen te verweer.(7) Dit het 'n groot mate van vereensaming by Theodor teweeg= gebring.(8) Dit was egter vertroostend dat hy 'n goeie verhouding met 'n onderwyser, Dr. Hörschelmann en die direkteur van die skool, Köpke gehad het.(9)

Toe Theodor op sestienjarige leeftyd reeds self 'n verdienste gehad het, en homself onderhou het, het hy geskryf: "Ek moes in die gimnasium met elf ander seuns 'n groot slaapsaal deel en is altyd deur die ander gespot omdat ek veel armer was as hulle."(10)

Hierdie byverdienste het hy bekom deur privaatles te gee en het daardeur vrye inwoning, verwarming, beligting, mediese dienste, sakgeld en 'n gereelde middagete bekom. Hy het nog geld oor gehad om vir sy Hebreeuse lesse te betaal en het toe dit bereik waarna hy so lank verlang het nl. dat sy ouers van sy sestiende jaar nie langer iets tot sy onderhoud en opvoeding moes bydra nie. Hy het homself onderhou en nog soveel geld oorgehou dat hy gimnastiek kon beoefen en 'n klavier kon huur waarop hy gereeld kon oefen.(11)

---

(6) Ibid, p 21.
(7) Ibid, p 22.
(8) Ibid, p 23.
(9) Ibid, p 23.
(10) Ibid, p 28.
(11) Ibid, p 28.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dat hy graag geteken het, word vir die eerste keer vermeld in 'n brief aan sy ouers waarin hy alles moes beskryf en ook tekeninge maak van sy nuwe omstandighede.[(12)]

In hierdie tyd het dit ook gebeur dat sy suster, Clementine, hom voorgestel het aan die vrou van 'n algemene praktisyn, Dr. Goerke. Hier het hy 'n huisvriend geword en deel van 'n groepie wat Sondagmiddae daar byeengekom het. Die intellektuele stimulans hiervan het baie vir hom beteken. Hier het hy 'n tweede tuiste gevind. Hier het hy ook vriende gemaak met Moritz von Blankenburg-Zimmerhausen wat hy in 1834 ontmoet het en wat 'n groot invloed in sy lewe sou hê.[(13)]

## 3. Universiteitsjare (1836 -1840)

Wangemann het die universiteitslewe veel vryer as die skooljare gevind.(14) Hy kon die studierigting volg wat hy wou en met sy Grieks het dit so goed gegaan dat hy reeds die hele Odusseia sonder hulp aan die begin van sy eerste jaar deurgelees het.[(15)]

Op 25 April skryf hy in sy dagboek dat sy dag gewoonlik om vyf of ses voormiddag begin met 'n koppie koffie en 'n pyp wat hy daarmee saam rook. Dan lees hy Homerus. So studeer hy tot tienuur voormiddag met sy hospita se seun langs hom en daarna gaan hy sy klasse bywoon tot eenuur waarna hy 'n goeie middagmaal tuis kry.[(16)]

---

(12) Ibid, p 29.
(13) Ibid, p 30.
(14) Ibid, p 52.
(15) Ibid, p 52.
(16) Ibid, pp 52 - 53.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Baie dinge het bygedra tot die geluk van sy universiteitsjare - ook die stimulans van 'n groot vriendekring waarby hy hom baie lewendig aangesluit het.[17] Ook sy beduidende vriendskap met Môritz von Blankenburg het steeds hegter geword.[18] Om aan die beklemming van die gimnasium te ontkom het hy sy studiejare begin met die voorneme om nie soseer kennis te verwerf nie as om hierdie drie vrye jare voluit te geniet. Daarom het hy sy studies begin met Homerus waarmee hy 'n bietjie op skool kennis gemaak het en hy het hom ook met vreugde in Sophokles verdiep en daarby 'n kursus deurloop in die "voëls" van Aristophanes en die Griekse komedie.[19] Boonop het hy Shakespeare vlytig bestudeer. Dan wou hy Teologie en Filologie aandurf en het ook daaraan aandag gegee, want hy wou eers 'n goeie Filologiese kennis opbou as grondslag vir sy teologie.[20] In sy studentejare het hy verder toevallig van prof. Neander se kerkgeskiedenis en sy gepubliseerde Katolieke briewe gehoor. 'n Kursus deur Neander aangebied het hom besonder aangegryp want Neander het die Hervormingsgeskiedenis met soveel warmte voorgedra dat hy 'n houvas op sy toehoorders gehad het.[21]

Wangemann se korrespondensie met sy ouers gaan nog voort en hulle word tot in die fynste besonderhede van al Theodor se belewenisse vertel. Vir sy vader was dit nie genoeg dat Theodor van sy studies vertel nie. Hy moes ook sy aantekeninge aanstuur en sy uiteensetting moes sinvol wees.[22] Toe hy later Sendingdirekteur was, is sy geskrifte hierop gebaseer.

Theodor het ook gedurende sy reise sketse gemaak wat hy huistoe gestuur het:

---

(17) Ibid, p 55.
(18) Ibid, p 55.
(19) Ibid, p 62.
(20) Ibid, p 62.
(21) Ibid, p 62.
(22) Ibid, p 66.



© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

en sy moeder het dit ingevoeg by die dagboekaantekeninge wat sy in sierskrif oorgeskryf het. As gevolg van haar moederlike belangstelling en trots wou sy hierdie reuse arbeid aan niemand anders toevertrou nie.(23)

Theodor het 'n groot bewondering gekoester vir sy dosent, Neander, wat 'n sterk invloed op hom uitgeoefen het. Theodor skryf aan sy moeder: "Ek wil groei in my godsdiens, en wel nie bloot om den brode nie, sodat ek uiteindelik gerieflik en behaaglik kan bestaan nie, maar uit 'n ware innerlike roeping."(24)

Verder soos ook blyk uit sy aantekeninge het hy 'n ontvanklike gemoed vir die natuur(25) gehad.

Die vakansiereise wat Theodor onderneem het, word pragtig in sy dagboeke beskryf en is altyd voortreflik geïllustreer.(26)

## 4. Kandidaatsjare (1840-1845)

'n Aanhaling uit Theodor se dagboek van 26 Maart lui dat hy met sy eksamenvoor=bereiding aansienlik vordering gemaak het. 'n Duitse werk oor die Katolieke tug was klaar geskryf. Sy Latynse studies het reeds vinniger gevorder as wat hy beplan het en so kon hy gedurende die Lydensweek sy werk laat vaar en die Lydensgeskiedenis volgens die vier Evangelies deurwerk. Toe het hy ook die ses-en-dertig houtsneë van Dürer oor die lyding van Christus met pen en ink gekopieër.(27)

---

(23) Ibid, p 66.
(24) Ibid, p 68.
(25) Ibid, p 70.
(26) Ibid, p 74.
(27) Ibid, p 119.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kaapse Argief Bewaarplek

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op 28 Desember is hy georden en het toe dit geword waaroor hy sedert sy seunsjare gedroom het, Rektor en Hulpprediker.(28)

5. Rektor en Hulpprediker in Wollin (1845-1849)

Die hoofstuk handel oor Wangemann se amp en arbeid. Hy skryf aan sy vriend Mŏritz von Blankenburg in Januarie 1846:(29)

"Die ordening (inseëning) was vir my 'n baie plegtige geleentheid, ek het nie vooraf geglo dat dit werklik so 'n "bruilofsgevoel" by mens kon opwek nie".... verder skryf hy op 4 September 1847.... "so groei mens, wanneer jy jou beroep liefhet, daarmee saam, dat jy jou daarmee geheel en al vereenselwig. Om rektor en predikant in Wollin te wees, is in die oë van die wêreld waarskynlik gering, maar stel jou voor, watter minister of koning het soveel mag soos 'n arme predikant, wat sondes kan vergewe in die Naam en Opdrag van Christus, asof Hy dit Self vergewe het? En watter vername heer in die wêreld het kosbaarder goedere om te verhandel, as die Woord van God en die Sakramente?"(30)

In Maart 1847 ontvang sy ouers 'n brief van hom waarin hy sê: "Ek dink uiteindelik aan trou maar die saak is nog nie heeltemal duidelik deurgedink nie. Wanneer dit kom, sal dit wees soos blits uit die blou hemel. Tussen die verlowing en die eerste gebod sal daar net agt dae verloop. Ek wag nog net op 'n duidelike teken van die Here want sonder Sy wil, wil ek niks onderneem nie, allermins die juk van die huwelik."(31)

Sy vriend Mŏritz von Blankenburg het egter iets gesê wat hom getref het, naamlik

---

(28) Ibid, p 144.
(29) Ibid, p 156.
(30) Ibid, pp 156-157.
(31) Ibid, p 160.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat dit 'n prysenswaardige rede is om te trou as 'n mens daardeur die Here beter kan dien. Deur Möritz von Blankenburg het hy naamlik bevriend geraak met Elizabeth von Mittelstädt en is toe op 5 Oktober 1847 met haar getroud.(32) Maar sy is die volgende jaar, op 5 September 1848 met die geboorte van hulle dogtertjie oorlede.(33)

## 6. Aartsdeken en Seminaardirekteur in Cammin (1849-1865)

Theodor Wangemann het sy intreepreek in Cammin gelewer oor die bekende teks: *"Troos my volk"* en daarna het hy sy eerste doop in 1849 as Aartsdeken (ondervoorsitter van die Sinode) en rektor van die kerkskool bedien.(34)

Toe het hy begin om 'n leidende rol in die kerklike en openbare lewe van sy tyd te speel. Hy was al gou een van die voormanne van die konfessionele party in die Pruisiese Staatskerk. Wangemann het die belange van die Staatskerk met geesdrif in woord en daad behartig.(35)

Hy het verskeie handboeke vir Lutherse predikante en onderwysers geskryf om die kerklike lewe te bevorder gedurende die tydperk 1853-1865. In 1858 word hy redakteur van die *Monatsschrift für evangelischlutherische Kirche Preussens.* Die toegewyde, belese Wangemann was baie vaardig met die pen, en hiervan het sy publikasies getuig. Hy was ook 'n bekwame organiseerder en besielende prediker, een van die bekwaamste leiers van die Evangelies-Lutherse Kerk, en het groot invloed uitgeoefen.(36)

---

(32) *Ibid*, p 170.
(33) *Ibid*, p 172.
(34) *Ibid*, p 195.
(35) G P J Trümpelmann, Wangemann, Hermann Theodor, *in* W J de Kock, (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* I, p 901.
(36) *Ibid*, pp 900 - 901.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 7. Sendingdirekteur in Berlyn 1865-1885 : Wangemann se reise in Suid-Afrika.

Die aand van 2 Oktober 1865 het Wangemann in Berlyn aangekom. Die nuwe direkteur is hartlik ontvang en die volgende Sondag in sy amp bevestig.(37)

Na 'n omvattende studie van die Sendingwerk in Suid-Afrika besluit Wangemann om 'n reis na die verskillende Berlynse sendingstasies te onderneem ten einde hulle situasies self prakties beter te leer ken. Die 14de Julie het hy uit Berlyn vertrek maar voor hy na Suid-Afrika gereis het, het hy eers Barmen, Parys en London aangedoen om daar persoonlik kennis te maak met ander sendinggenootskappe en van hulle sendingondervinding te leer. Hy het vanaf Plymouth na Suid-Afrika vertrek en die reis tot by die Kaap het 39 dae geduur. Die reis deur Suid-Afrika per trein, per ossewa en te perd het oor onherbergsame weë en riviere moeisaam en moeilik gegaan. Vir 'n vyftig jarige onervare ruiter was die reise te perd geen geringe inspanning nie maar dit was bemoedigend dat die direkteur orals hartlik ontvang is. Hy het telkens die probleme van die Berlynse sendelinge aangehoor en dit ondersoek. Hiervan vertel hy in talryke briewe en ook in sy dagboeke wat handel oor sy reis van 17 September 1866 tot 27 September 1867: 'Ein Reisejahr in Südafrika' wat in 1868 in Berlyn gepubliseer is.

Sendeling Schmidt het hom tydens sy reis in die Kaapkolonie vergesel. Gedurende die tien dae in die Kaap het Wangemann hoë kerklikes en politieke amptenare van Engeland besoek ten einde die Berlynse Sending se saak te bevorder. So besoek hy byvoorbeeld Goewerneur Woodhouse, dr. Dale en Biskop Gray. Hierna is hy na Brits Kafferland. Op 14 Februarie 1867 was sy werk hier voltooi en het hy na

---

(37) H Wangemann, op cit, p 245.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

die Oranje-Vrystaat vertrek. Hierna is hy op die 11de April op pad na die Transvaalse Republiek.[38] Van Potchefstroom is hy na Pretoria en vandaar na die 'bloeiendste' stasie van almal, Botshabelo.

Op 21 September 1867 was Wangemann se Suid-Afrikaanse arbeid afgehandel. Die 22ste September vertrek hy na Durban. Twee dae na sy aankoms daar het hy sy skip verwag.[39] Die skip het egter op die 26ste eers gekom en omdat Wangemann toe al baie uitgeput was het hy erg siek geword maar het Suid-Afrika verlaat verryk deur baie belewenisse en 'n menigte herinneringe.[40] Die 19de Desember was hy terug in sy Vaderland met talle reisbeskrywings, briewe en sketse van alles wat hy die afgelope jaar meegemaak het.[41]

Skaars terug in Berlyn het die direkteur die redaksie van die maandskrif, Missionsberichte, op hom geneem en in 1868 en 1869 het sy twee dagboeke en sy werk Maleo en Sekukuni verskyn.

In 1868 het hy in verskeie kerke in Berlyn 'n lang reeks lesings gehou oor Afrika en die sending.[42]

In 1869 verskyn sy uitvoeringe Denkschrift über Aufgabe, Arbeit, Segen und Bedürfnisse der Berliner Missionsgesellschaft.[43]

In 1871 is sy Lebensbilder aus Südafrika en in 1882 Das Berliner Missionshaus und seine Bewohner gepubliseer. Terwyl hy nog in Berlyn was, was hy verheug oor die oorname van die Chinese sending deur die Berlynse Sendinggenootskap in 1882


---

(38) Trümpelmann in Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, op cit, p 280.
(39) H Wangemann, op cit, p 295.
(40) Ibid, p 295.
(41) Ibid, pp 301 - 302.
(42) Ibid, p 304.
(43) Ibid, p 304.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Titelplaat: H Wangemann: D Dr. Wangemann

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n gebeurtenis waaraan hy groot waarde geheg het.(44)

In 1883 met die 400 jarige geboortefees van Martin Luther word daar deur die teologiese fakultyd van Griefswald 'n ere doktorsgraad in die Teologie aan Wangemann toegeken asook aan sy vriend Meinholdt.(45) Geen ander uiterlike verering en erkenning kon vir Wangemann meer waardevol gewees het nie.

'n Erkenning van sy sendingwerk het hy ontvang toe President Kruger van die Z.A.R. in Junie 1884 die sendinghuis besoek het.

In September 1884 met die vyftig jarige jubileum van die Berlynse sendingstasie, Bethanie, in die Vrystaat bring hy 'n tweede besoek aan Suid-Afrika. Dit het hy in sy _Zweite Reisejahr in Südafrika_ (Berlyn 1886) beskryf. Hierdie reis was egter vir die 66 jarige nie maklik nie en dit het sy gesondheid baie agteruit laat gaan sodat hy daarna herhaaldelik deur siektes in sy werkvermoë gestrem is.

## 8. Laaste jare

1888 het verdriet en vreugde gebring. Meinholdt, die ou medestryder, is oorlede maar daar was vreugde omdat die Domkoor sy 25ste bestaansjaar gevier het. Wangemann, die grondlegger, kon geen groter vreugde ken nie.

Die Maandag van 18 Junie 1894 is hy oorlede en op sy begrafnis was die tema van die rede: "Ich habe einen guten Kampf gekämpft; ich habe den Lauf vollendet, ich habe Glauben gehalten: hinfort ist mir beigelegt die Krone der Gerechtigkeit."(46)

(44) _Ibid_, p 333.
(45) _Ibid_, p 341.
(46) _Ibid_, p 386.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 9. 'n Waardering van die werk van Wangemann

Ter afsluiting van Hermann Theodor Wangemann se lewensberig wil ek graag aanhaal wat G.P.J. Trümpelmann sê:

"Wangemann was stellig die bekwaamse direkteur wat die Berlynse Sendinggenootskap gedurende sy bestaan van 150 jaar gehad het. Hy het die vermoeë gehad om in Duitsland op merkwaardige wyse belangstelling vir die sending te wek en middele daarvoor in te samel. Hy laat 'n hele biblioteek van groot en klein boeke, talle traktate en gereelde berigte in die Berliner Missionsberichte verskyn waardeur die aandag van duisende lesers op die gebeurtenisse op die sendingveld van Suid-Afrika gevestig word."[47]

Wangemann het goed op hoogte gebly met wat in die sendingveld aan die gang was deur sy uitgebreide korrespondensie met elke sendeling asook deur die dagboeke en rapporte wat hulle gereeld aan hom moes stuur.

Sy eie geskrifte is in 'n helder, boeiende taal geskryf en hy gee berig oor die onbekende binneland van Suid-Afrika, iets wat ook buite die sending van belang is.

In die Raad van Beheer van die Berlynse Sendinggenootskap het dikwels hoë amptenare soos regters en ministers gedien, ook Bismarck en Koning Wilhelm van Pruise het die werksaamhede van die genootskap gevolg en daarom het Wangemann se publikasies ook die hoogste kringe in Duitsland bereik.

---

(47) G P J Trümpelmann, Wangemann, Hermann Theodor in W J de Kock (red.), Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, I, p 901.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

Wangemann se werk vorm die grondslag van die belangrike kulturele bydrae wat die Berlynse sendelinge en hulle nakomelinge in Suid-Afrika verrig het.(48)

Sy tekeninge is 'n waardevolle bydrae tot die Kultuurgeskiedenis. Hulle toon duidelik en in besonderhede hoe die Berlynse sendingstasies daaruit gesien het, sowel as die landskappe van Suid-Afrika in daardie jare. Die tekeninge dui in fyn besonderhede die woningbou, kerke, skole en tuine van die sendingstasies aan. Hierdie tekeninge is 'n belangrike bydrae vir die Kultuurgeskiedenis van Suid-Afrika in die negentiende eeu.

---

(48) Ibid, p 901.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# III. DIE BERLYNSE SENDINGGENOOTSKAP

## 1. Ontstaan

Die Genootskap het as 'n gevolg van die godsdienstige herlewing in Pruise na die Napoleontiese oorloë ontstaan.[1] Die 29ste Februarie 1824 kan as die stigtingsdag van die Berlynse Sending beskou word. Op daardie dag het 'n klein groepie manne wat die koms van die Koninkryk van God onder die heidene, wou help bevorder, in Berlyn vir 'n gemeenskaplike vergadering byeengekom. Hulle was: die teologiese professore Neander en Tholuck, die professor en hoofprediker Strauss, die professore van Regsgeleerdheid: van Bethmann-Hollweg en van Lancizolle, Geh. Ober-Bergrath von Laroche, Assessor Le Coq; Die Burgemeesters von Röder en von Gerlach. Spoedig daarna het nog die Ober-Konsistorialrath Therenin, die pastore Couard en Lisco, koopman Elsner en luitenant von Sommerfeld bygekom.[2]

Hulle het vergader met die doel om 'n sendingvereniging te stig, die statute waarvan die ontwerp en statute later deur koning Frederik Willem III aanvaar is.[3]

As naam vir die vereniging het hulle Gesellschaft zur Beförderung der evangelischen Missionen unter den Heiden, gekies. Aanvanklik het hulle nie daaraan gedink om self sendelinge op te lei en uit te stuur nie maar wou net bestaande sendingverenigings met bydraes steun soos: Baseler Mission, die Mission der Brüder-gemeinde, die Missions Anstalt des Pastors Jänicke in Berlyn

(1) G P J Trümpelmann, Berlin Missionary Society, in D J Potgieter (red.), Standard Encyclopedia of Southern Africa II, p 286.
(2) E Kratzenstein (red.), Kurze Geschichte der Berliner Mission in Südafrika, p 5.
(3) Ibid, p 5.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en der Ostindische Mission in Halle.[4] By die Stigtingsvergadering was die offisiële Kerk glad nie verteenwoordig nie. Slegs een predikant, Strauss, was daar en het die openingsgebed gedoen.[5] Laroche is as die eerste president van die 'Berliner Missions Gesellschaft' (B.S.G.) gekies, Lecoq as Sekretaris en Von Sonnenveld as tesourier. 'n Komitee van 20 tot 25 lede wat gereeld vergader het, het die beleid, beheer, organisasie en optrede van die Genootskap bepaal en 'n dagbestuur wat bestaan het uit die president, een of twee vise-presidente, die sekretaris en tesourier het die dringende werk behartig.[6]

## 2. Opleiding van Sendelinge

Deur bydraes van hulpverenigings en verskeie ander sendingvriende asook van die koning Frederick Wilhelm was die Genootskap se finansies voldoende sodat hulle allerlei projekte kon aanpak. Die Genootskap het onder andere grond gekoop om 'n eie sendinghuis te bou omdat die opleiding van die sendelinge in gehuurde huise te ongerieflik was. Die Sendinghuis en gebedsaal in Sebastiaanstraat te Berlyn is in 1838 in gebruik geneem en in 1855 en 1863 vergroot. In 1873 is 'n nuwe groter gebou op 'n ander perseel ingewy.[7]

Dit was aanvanklik pastor Jänicke wat sendelinge begin oplei het en wat met die finansiële steun van die B.S.G. hiermee voortgegaan het.

Hy is egter in 1827 oorlede en 'n paar jaar later is sy seminarie gesluit. Toe het die komitee van die B.S.G. besluit om self sendelinge op te lei en het met die doel 'n gebou naby die Rosenthaler Tores in Berlyn gehuur. Die B.S.G. het

---

(4) _Ibid_, p 5.
(5) L Zöllner en J A Heese, _Die Berlynse sendelinge in Suid-Afrika en hul nageslag_, p 5.
(6) J S Bergh, _Die Berlynse Sendinggenootskap in Pretoria en omgewing, 1866-1881_ (ongepubliseerde M A-verhandeling, UNISA), p 2 - 3.
(7) _Ibid_, p 5; Kratzenstein, _op cit_, pp 4 - 5.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

nou die karakter van 'n volwaardige en outonome genootskap gekry .[8]

In die begin van 1829 het die Missionschule drie kwekelinge begin oplei. Aanvanklik het die kursus vier jaar geduur, later vyf jaar. Die kwekelinge het meestal uit die arbeiders gekom. Die origes was meestal onderwysers of leerlinge van die gimnasium.

In 1850 het daar 'n verandering gekom en wou die Gesellschaft hoofsaaklik afgestudeerde teoloë as sendelinge uitstuur. Die ander sou as onderwysers en christelike toesighouers gestuur word.[9] Voornemende sendelinge is aan streng keuring onderwerp en vir hierdie doel is 'n sendingreglement opgestel wat die voorwaardes vir opname in die seminarie uiteengesit het. 'n Belangrike voorwaarde was dat elke voornemende student oor 'n hart beskik wat opreg tot die Here Jesus bekeer is in toereikende Christelike rypheid en standvastigheid.[10] Die sendelinge het 'n uitgebreide en deeglike opleiding ontvang. Buiten 'n grondige Bybelkennis was 'n opleiding in moderne tale, naamlik Nederlands en Engels, 'n vereiste. Verder het die Sendinggenootskap ook 'n kursus in "heidense" tale aangebied en is besondere aandag aan die opleiding in handvaardighede asook 'n elementêre mediese kennis gegee.[11]

Na voltooiing van die kursus het die studente hulle finale eksamen afgelê en is hierna na die sendingveld gestuur waar hulle na 'n proeftermyn van twee jaar deur 'n senior sendeling of op gesag van die Koninklike Pruisiese Konsistorium, georden is.[12]

---

(8) Zöllner en Heese, op cit, p 5.
(9) Kratzenstein, op cit, p 6.
(10) Kratzenstein, op cit, p 6.
(11) Zöllner en Heese, op cit, p 6.
(12) Ibid, p 6.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 3. Die Berlynse Sendinggenootskap in Suid-Afrika

Nadat die eerste vyf sendingkandidate hulle opleiding in 1833 voltooi het, is daar besluit om hulle na Suid-Afrika te stuur omdat prof. Neander van die Londense Sendinggenootskap verneem het dat daar in Suid-Afrika 'n groot veld vir sendingwerk braak gelê het.(13)

Die vyf sendelinge was G.A. Kraut (1807-1873), A.F. Lange (1810-??), R.T. Gregorowski (1818-1880), J. Schmidt (1805-1886) en August Gebel (1808-??). Hulle is eers na Barmen gestuur om Nederlands te leer en daarna het hulle na Suid-Afrika vertrek om in die gebied wat vandag Botswana is onder die swart mense met sendingwerk te begin. In Kaapstad aangekom, het hulle verneem van 'n wetenskaplike ekspedisie wat onder leiding van dr. Andrew Smith na die binneland van Suid-Afrika sou vertrek en dr. Smith het toegestem dat hulle kon saamreis.(14)

Hulle het hom op Graaff-Reinet ontmoet en daarvandaan op 12 Augustus 1834 vertrek. Die vyf sendelinge was tot op Beaufort-Wes bymekaar. Lange en Gregorowski het toe besluit om voorlopig op Beaufort-Wes agter te bly en het op aandrang van die plaaslike predikant, ds. Colin Fraser, besluit om die moontlikheid om daar sendingwerk te doen te ondersoek.(15) Die ander sendelinge is tot op op Philippolis saam om daar by die Griekwahoofstat van kaptein Adam Kok die moontlikheid van sendingwerk te ondersoek. Hulle het by die sendelinge Kolbe gebly, waar hulle gerugte gehoor het dat Mzilikazi bloedige strooptogte in die Betsjoeanas se gebied onderneem het.(16) Ongeveer dieselfde tyd het daar 'n

---

(13) Ibid, p 6.
(14) Ibid, p 6.
(15) Ibid, p 6.
(16) Ibid, p 6.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

afvaardiging van die Korannastam aangekom om te vra of daar nie sendelinge vir hulle stam was nie. Adam Kok wou naamlik deur die aanwesigheid van die sendelinge sy mag in die gebied vestig en hy het 'n stuk grond aan die Rietrivier aan die B.S.G. belowe. Die grond wat die Sendinggenootskap sou kry, sou so ver strek as wat 'n man te perd in een uur in elke rigting kon ry.(17)

Uiteindelik het die landgoed van die Sendinggenootskap toe drie fonteine ingesluit. Die drie sendelinge het in hierdie aanbod van Adam Kok die Hand van God gesien, en besluit om hulle aan die Rietrivier te vestig. Die gebied wat hulle toe kon betrek was min of meer vyftig kilometer van Bloemfontein af naby die plek waar Edenburg later ontstaan het.(18)

Hulle het saam met Kolbe tot by die beloofde plek gereis en op 24 September 1834 daar aangekom. Hulle het verwag om die Korannas by hulle aankoms daar te vind maar getrou aan hul aard van onbestendige rondswerwing het die Korannas verder die land ingetrek.(19)

Die sendingveld van die B.S.G. in Suid-Afrika was later in ses streke of sinodes verdeel, tewete Brits Kafferland, Kaapkolonie, Natal, Vrystaat en Suid- en Noord-Transvaal.(20) 'n Sendingsuperintendent is oor elke sinode aangestel.

In 1875 het Direkteur Wangemann 'n superintendent en sinodale verordening uitgevaardig wat deur verskeie sendelinge weerspreek is en veral gedurende die laaste kwart van die 19de eeu tot onenigheid in die gebied bygedra het.(21)

---

(17) Ibid, p 6.
(18) Ibid, p 6.
(19) Ibid, p 6.
(20) Bergh, op cit, p 7.
(21) W Schmidt - Pretoria, Deutsche Wanderung nach Südafrika im 19. Jahrhundert, p 141.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

a. Die Berlynse Sendinggenootskap in die Oranje-Vrystaat

Na baie wedervaringe is die eerste Berlynse sendingstasie in Suid-Afrika naamlik Bethanie of 'Huis van Smarte' gestig. Die Korannastam van Goliat Ysterbek wat uit 100 siele bestaan het, het op Bethanie gaan woon en op 19 Oktober 1834 kon die eerste diens met behulp van 'n tolk gehou word.(22) Die eerste kerk wat ook as skool gedien het, was 'n hartbeeshuisie. Nadat die mense van Bethanie 'n dam gebou en koring en groente geplant het, is die gesaaides deur sprinkane vernietig en die Korannas het weer getrek.

In 1836 het Carl Wuras (1809-1891) saam met die tweede groep sendelinge in Suid-Afrika aangekom en hy het die bestuur van Bethanie oorgeneem. Hy het in 1869 die kruisvormige kerkgebou ingewy - die eerste groot kerkgebou van hierdie streek en een wat vandag nog bestaan.(23)

Aan die einde van die eerste vyf-en-twintig jaar van die Berlynse Sendingarbeid in die Oranje-Vrystaat gebied het daar slegs klein gemeentes in Bethanie en Pniël bestaan. In 1877 word Grützner uit die Z.A.R. na die Vrystaat beroep om die opvolger van die bejaarde sendeling, Wuras te word.(24)

Die gemeente Adamshoop wat vanuit Bethanie gegrondves is, het naderhand 1000 lidmate gehad en is deur Zerwick (1809-1885) van 1869 tot 1872, deur Trümpelmann (1841-1923) van 1872 tot 1880 en vanaf 1880 af deur Brune (1852-1918) bedien.(25)

Die ontdekking van diamante in die nabyheid het vir Pniël tussen 1869 tot 1871

---

(22) Zöllner en Heese, op cit, p 7.
(23) Ibid, p 7.
(24) Schmidt-Pretoria, op cit, p 141 .
(25) Ibid, p 141.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n onverwagte verandering van die verhoudinge gebring in besonder 'n toename in die gekleurde bevolking. Daarbenewens is die sendeling Kallenberg (1832-1901) hier aangestel aan die sy van sendeling Meyer (1821-1895). Na enkele jare het die stasie egter in die hande van Baumbach (1841-1891) en Westphal (1855-1884) oorgegaan en in 1879 is Meyer na Kimberly oorgeplaas.[26]

Arndt (1857-1931) het die nuutgeboude St. Sylvestri Kerk in Beaconsfield ingewy. Winter (1813-1889) het in 1875 na Bloemfontein gegaan en is na vier jaar opgevolg deur Grosskopf (1851-1925). Vanaf 1893 het Arndt die swart gemeente bedien. Daar kon 'n ruim kerk in 1888 geopen word.[27]

In Harrysmith en by die Korannas in Saron het die werksaamhede asgevolg van oorloë tot 'n einde gekom. Sendeling Petrick (1863-1936) het hom in 1894 in Douglas gevestig. Gerlachstal, wat suid van Bethanie geleë was, het uit die aangekoopte plase Gerlachstal, Berlyn en Springfontein bestaan. Hier was die grond baie vrugbaar en is in dieselfde jaar akkerbou en veeteelt deur die sendeling, Sandrock, opgebou.[28]

b) Die Berlynse Sendinggenootskap in die Kaapkolonie

Nadat Zoar na die Südafrikanische Missions Gesellschaft oorgegaan het, was Amalienstein in 1857 die enigste sendingstasie van die B.S.G. in die Kaapkolonie.[29] Tien jaar later is Zoar opnuut met Amalienstein verenig en met die toevoeging van 11,000 morge vergroot. Omdat weiding volop was en wetenskaplike ontwikkeling van hul eiendom beplan is, het elke inwoner, wat 'n

---

(26) Ibid, p 141.
(27) Ibid, p 141.
(28) Ibid, p 141.
(29) Ibid, p 137.



© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vaste huis wou besit, naby die kerk 'n stuk grond van 60 x 70 voet gekry en aan die waterleiding 'n tuin van 40 x 50 voet.[30] Daniël Heese (1833-1905) het die skool oorgeneem. Karl Winter (1880-1938) is vereers as ekonomiese bestuurder aangewys. Hy was voorheen hoofbestuurder in Rossla. Daarna het die leiding onder Gustav Håse (1832-1887), later Ferdinand Elfert (1830-1911) en ten slotte onder Elias Schmidt (1857-1921) gestaan.[31]

In Ladismith, drie tot vier ure wes van Amalienstein, waar Frederich Prietsch (1812-1892) eers gewerk het, is Heinrich Howe (1832-1902) op 'n buitepos aangestel.[32]

Na sy terugkeer uit sy Vaderland het Prietsch 'n groter plaas, Welgelegen, aangelê met 'n watermeule en 'n winkel; hy het die sendingstasie in 1860 na die skenker en weldoener Anhalt-Schmidt vernoem. Hierna is die stasie aan die sorg van die ekonoom Christoph Markötter (1840-1893)) uit Ducherow oorgedra. Anhalt-Schmidt het in 1892, 691 siele getel. Vanaf 1876 tot aan die einde van die eeu het Howe die stasie versorg.[33]

As Howe se opvolger in Ladismith, wat in 1856 gestig is, is Carl Prozesky (1846-1927) aangestel. In 1868 is Riversdal geopen. In 1872 het Daniël Heese (1833-1905) 'n stuk grond in Herbertsdal gekoop waar daar tergelykertyd 'n kerk en 'n skool begin is; vanaf 1882 is die gemeente daar bedien deur die sendeling Johannes Kikillus (1847-1907).[34]

---

(30) *Ibid*, p 137.
(31) *Ibid*, p 137.
(32) *Ibid*, p 137.
(33) *Ibid*, p 137.
(34) *Ibid*, p 137.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In Mosselbaai wat in 1880 gestig is, het Alpermann (1853-1884) die eerste vyf jaar gewerk, gevolg deur Gerneke (1856-1932) wat daar vanaf 1885 tot 1895 gewerk het en toe volg Gottschling (1856-1924) en sy opvolger Ecker (1859-1933) wat vanaf 1896-1897 daar gewerk het.(35)

In 1883 het die B.S.G. vir vyf en twintig pond 'n stuk grond aan die Buffelsrivier gekoop wat Laingsburg genoem is. Die verkoper het 'n aansienlike bedrag vir die bou van 'n kerk teruggegee. Hier het Gottschling vanaf 1884 en Gôldner (1864-1923) vanaf 1894 gewerk.(36)

In 1892 was die sieletal in die Kaapkolonie 4833 gekleurde Christene waarvan 1365 op Riversdal en 1077 op Amalienstein was.(37)

c. Die Berlynse Sendinggenootskap in Kaffraria

J.L. Dôhne (1811-1879) was in Brits-Kafferland die pioniersendeling. Drie stasies wat hier gestig was, is Bethel, Itemba en Emmaus. Later is nog drie stasies gestig en die Berlynse Sendinggenootskap het hier 'n belangrike invloed gehad deur die skepping van 'n Xhosa literatuur veral deur die Bybelvertaling van dr. Kropf in Xhosa.(38)

Na versteurende oorloë onder die swartes is die stasies Bethel en kort daarna Wartburg in 1854 van nuuts af opgebou.

Wilhelm Rein (1824-1889) het sedert 1889 in Warthburg gewerk en hy is opgevolg

---

(35) Ibid, p 138.
(36) Ibid, p 138.
(37) Ibid, p 138.
(38) Bergh, op cit, p 8.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deur A. Hopper (1863-1927) en in Bethel het Albert Kropf (1822-1910) van die begin van 1900 af gewerk. In 1857 is die stasie aan die sorg van Anta oorgelaat en het sendeling Wilhelm Illing (1818-1901) die stasie Martinsthal oorgeneem. Die Genootskap het by die Gaselastam in die omgewing van King Williamstown die stasie Platz Petersberg gestig, wat bedien is deur Lüdwig Liefeldt (1811-1873) tot sy dood in 1873. Daarna is Platz Petersberg deur Nauhaus (1835-1903) en Johl (1841-1915) versorg. (39)

Naby Petersberg het Carl Nauhaus in 1864 vir Emdiseni en in 1868 vir Etembeni gestig - hy het tot 1881 die drie stasies bedien.

Vanaf 1890 is Warthburg deur Hoppe bedien en Petersberg deur Johl vanaf 1881. (40)

d) Die Berlynse Sendinggenootskap in Natal

Veral sendelinge Döhne (1811-1879), Posselt (1815-1885) en Güldenpfennig (1818-1868) het sendingwerk in Natal gedoen toe hulle arbeid onder die Xhosa in Kaffraria deur ongunstige omstandighede verhinder is.

Emmaus was die eerste Berlynse sendingstasie in Natal. (41)

Carl Zunckel (1822-1899) het vanaf 1855 tot 1899 te Emmaus gewerk en Wilhelm Posselt (1815-1885) van 1848 tot 1885 by Christianenburg. Die swart skooltjie hier is in 1860 deur Adolf Schuhmann (1835-1904) oorgeneem. Terselfdertyd het W. Güldenpfennig (1818-1868) vir Stendal as sendingstasie vir die B.S.G.

---

(39) Schmidt - Pretoria, op cit, p 138.
(40) Ibid, p 138.
(41) Ibid, p 138.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gestig.[42] In 1863 het Emangweni ontstaan wat vooruitgang gemaak het onder Albert Neizel (1839-1896). In Stendal het Adolf Schuhmann van 1865-1897 gewerk.

Vier myl vanaf Emmaus is Hoffenthal in 1868 en Kônigsberg in die noorde van Natal opgeneem. Hier het August Prozesky van 1868-1900 gewerk en Theodor Glôckner (1839-1913) in Hoffenthal van 1868 tot 1887. Albert Neizel het in Emangweni van 1863 tot 1896 en Adolf Schuhmann was te Stendal tussen die jare 1865 en 1897 werksaam.[43]

Teen 1894 was daar 64 sendelinge van die B.S.G. in Suid-Afrika werksaam en die negentiende eeu kan die bloeitydperk van hierdie Sendinggenootskap in Suid-Afrika genoem word tot 1866.

Gedurende die tyd is daar ook begin met sendingwerk ten noorde van die Limpoporivier en hier het sendelinge Meister (1862-1892) en Wedepohl (1863-1956) 'n sendingstasie by Gutu aangelê.[44]

In die negentiende eeu is daar benewens in Suid-Afrika ook Berlynse sendingstasies in Oos-Afrika, Masjonaland, Oos-Indië en China gestig.[45]

## e. Die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal

Heinrich Grûtzner (1834-1916) en Alexander Merensky (1837-1918) het as sendelinge na die Z.A.R. in April 1860 gekom. Hulle het in Lydenburg onder die kleurlinge begin sendingwerk doen en later het hul die klein stammetjie, Bakoba,

(42) Ibid, p 138.
(43) Ibid, pp 138-139.
(44) Zôllner en Heese, op cit, p 9.
(45) Bergh, op cit, p 6.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

op die stasie Gerlachshoop bearbei. In Augustus 1861 het Merensky en Karl Endemann (1836-1919) aan die voet van die Lolugebergte hulle intrek geneem. Hier was die stam van hoofman Sekwati Fühlung gevestig.[46]

In 1863 het Endemann die sendingstasie Phatametsane aangelê en die volgende jare 'n stasie vir die hoofman Sepeke, wat op die oewer gewoon het.[47]

Hul arbeid is in so 'n mate onderbreek deur onluste dat Gerlachshoop in 1864 verlaat moes word. 'n Tyd daarna is ook die sendelinge Albert Nachtigal (1839-1869), Otto Sachse (1836-1912), Carl Knothe (1838-1892) en Heinrich Adam Koboldt (1834-1874) van ander stasies af verdryf.[48]

Op 5 Februarie 1865 het Von Buren vir 75 pond tien myl suid van Gerlachshoop 'n plaas met die naam Boshoek verkry. Hy het die stasie Botshabelo daar aangelê. Omdat hulle altyd aanvalle van die Matabele en die Bapedi hoofmanne kon verwag het hul oorkant die sendingstasie 'n fort, die Wilhelmsfeste, aangelê en dag en nag met 'n swaar bewapende soldaat bewaak. In 1868 word 'n voorlopige kerk gebou en in 1884 'n statige kerk met 'n hoë kloktoring.[49]

In 1868 was daar 150 gekleurde skoliere en in 1877 drie honderd nege-en-vyftig. Daar is 'n smitswinkel en wamakery deur Carl Lademann (1834-1906) opgerig en ook 'n meule en klein winkeltjie oopgemaak wat vanaf 1875 deur Helmut Beuster (1850-1920) beman is.[50]

---

(46) Schmidt - Pretoria, op cit, p 139.
(47) Ibid, p 139.
(48) Ibid, p 139.
(49) Ibid, p 139.
(50) Ibid, p 139.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 1878 is daar met 'n seminaarkursus vir hulppredikers begin wat die swart hulppredikers kom oplei en eers deur Johannes Winter (1847-1921), later deur Gustav Mars (1846-1928) en Gustav Trümpelmann (1841-1923) behartig is. 'n drukkery en boekbindery vir kerk- en skoolliteratuur het verskeie stamme in die Z.A.R. - die Bavenda ingesluit - van literatuur voorsien. Daar was in 1868, 867 dooplidmate, in 1876 was daar 1057, 1886 was daar 2097 en in 1892 was daar 2747. Die wamakery, smitswinkel, drukkery en winkel het deur verbeterde transportmoontlikhede selfstandig geword.(51)

In die vyf jaar van 1865 tot 1870 is daar buiten Botshabelo elf stasies van die B.S.G. in die Z.A.R. gestig. Tussen 1870 en 1880 het daar twaalf bygekom en tussen 1880 en 1890 drie sodat daar altesaam sewe-en-twintig hoofstasies was.(52) Na 1890 is die buitestasie Phusompe geopen.(53) In 1896 het sendeling Krause (1852-1941) Pietersburg toe gegaan, wat van 'n buitestasie Moletsche tot hoofstasie ontwikkel het.(54) Sendeling Gottschling (1856-1924) het 'n stasie Gertrudsburg by Louis Trichardt in 1899 geopen.(55)

---

(50) Ibid, p 139.
(51) Ibid, p 139.
(52) Ibid, p 139.
(53) Ibid, p 140.
(54) Ibid, p 140.
(55) Ibid, p 141.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 4. 'n Beskrywing van enkele sendingstasies

Bethanie is gekies aangesien dit die moederstasie was, Botshabelo was die hoofstasie in Transvaal, Amalienstein was die eerste stasie in die Kaap, Gerlachshoop die eerste Berlynse sendingstasie in Transvaal, Lydenburg was die hoofstad van die Republiek van Lydenburg, Pretoria die hoofstad van die Z.A.R., Pniël is bekend in die geskiedenis om die diamante wat daar ontdek is, en Emangweni is gekies omdat dit 'n belangrike Berlynse sendingstasie in Natal was en Warthburg omdat dit in Kaffraria (die Transkei) geleë was.

### a. Bethanie (Oranje-Vrystaat): 1834

Geskiedenis:

Bethanie is op 24 September 1834 gestig maar van die voortreflike sendingstasie het daar vandag weinig oorgebly. In 1950 is die Groepsgebiedewet uitgevaardig en met die uitvoering daarvan is ongeveer 1000 swart inwoners van Bethanie in 1963 na Thaba 'Nchu verskuif. Die enkeles wat oorgebly het, dink met heimwee terug aan die dae toe Bethanie groot was. Die kerkgebou, wat eers een van die grootstes in die Vrystaat was, en die sendingwoning staan nog daar.

Die B.S.G. het dit as 'n prestasie beskou dat hulle in 1834, nege jaar na die stigting van die Genootskap, die eerste sendelinge na Suid-Afrika kon stuur. Hulle wou graag onder een van die Tswana stamme in Suid-Afrika met sendingwerk begin. Bemoedig deur berigte oor die moontlikhede om sendingwerk onder die Tswana te doen, het hulle vyf sendelinge na Suid-Afrika gestuur.

---



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op 18 April 1834 het die sendelinge D.A. Kraut, A.F. Lange, R. Th. Gregorowski, J. Schmidt en A. Gebel in Tafelbaai aangekom. In Kaapstad sluit hulle(1) by 'n Natuurwetenskaplike ekspedisie, wat op pad na die Tswana was, aan en vertrek noordwaarts. 'n Gedoopte Tswana het die geselskap as tolk vergesel. In Augustus 1834 het die sendelinge noord van Oranjerivier op Philippolis, die Griekwa-hoofstad aangekom.(2)

Te Philippolis maak die Berlyners met die Londonse Sendinggenootskap kennis en word hul deur Eerwaarde G.A. Kolbe oorreed om liewer onder die Kora van Kaptein Piet Witvoet langs die Rietrivier sendingwerk te dc Toe die geselskap op 24 September 1834 op die plek aankom wat deur Kolbe aangewys is, was daar geen teken van Kora nie. Toe hierdie sendelinge uiteindelik tog by Bethanie aankom na al hul teëspoed kon hulle nie aan 'n beter naam vir hul sendingstasie as Bethanie (Huis van Ellende) dink nie. Die Kora maak eers 14 dae na die sendelinge op Bethanie aangekom het hulle opwagting.

Wat Gebel en ander sendelinge van die B.S.G. nie toe besef het nie was dat die stuk grond wat Kolbe en die Griekwa-raad aan hulle geskenk het, na regte die hartland van die Kora was.(3)

Uit die staanspoor het die sendelinge gemeen om onder die primitiewe heidene 'n gemeente vir Christus daar te stel en hulle probeer toe om die Kora van hul tradisionele leefwyse te laat afsien en die Westerse beskawing te aanvaar. So wend hulle hul in die eerste plek tot die jeug en sê die Kora aan om bedags hul

---

(1) W van der Merwe, Bethanie in die Oranje-Vrystaat: 'n terugblik na 150 jaar, Lantern 33 (3), Julie 1984, pp 50 - 58.
(2) Ibid, pp 50 - 58.
(3) Ibid, pp 50 - 58.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kinders na Gebel te bring. Dit was die begin van die eerste skool op Bethanie.

Teen die helfte van 1836 het die B.S.G. nog vyf sendelinge na Bethanie gestuur. Allerlei moeilikhede het egter ontstaan, onder andere as gevolg van struwelinge tussen die sendelinge en die nomadiese Oosgrens boere, wat byvoorbeeld hulle vee op die sendingstasie se weiveld gejaag het. Hulle was teen die kerstening van die gekleurdes gekant. Die Britse regering het die sendingstasie wel ondersteun en teen die boere beskerm, maar het hulle tog nie hul onafhanklikheid wat hul begeer het gegun nie. Boonop was daar onderlinge misverstande tussen die sendelinge op die stasie. Die Sendinggenootskap in Berlyn stuur toe 'n volmagtigde superintendent, by name F.H. Pehmőller, na Suid-Afrika en hy vind dat die sendingwerk op Bethanie as gevolg van al die moeilikhede so verwaarloos is dat hy die stasie as't ware moes herstig.

Pehmőller kies toe uit die nuwe jong sendelinge Carl Friedrich Wuras as nuwe stasievoorsitter. Die vestiging van Bethanie gaan toe onder Wuras, bygestaan deur Zerwick en Radloff onverpoosd voort.(4)

Na die slag van Boomplaats gee Warden, die Britse Resident, te kenne dat Bethanie nie langer onder Griekwa gesag sou staan nie maar dat die stasie direk onder Britse bestuur sou val.

In 1850 besoek Warden Bethanie egter self en stem toe in dat dit 'n selfstandige stasie sou wees: selfbestuur sou aan die inwoners toegeken word. Hul mag hul

---

(4) Ibid, pp 50 - 58.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

eie kaptein, bygestaan deur 'n raad, kies om die plaaslike sake te behartig en kleinere geskille te besleg. Oor die persoon wat die inwoners van Bethanie as hoofman gekies het, kan boekdele geskryf word. Hy was Adam Opperman, die seun van Frederick Opperman, wat 'n vrygekoopte slaaf was, en hom in 1839 naby Bethanie gevestig het. Adam is in 1845 deur Wuras gedoop en het een van die steunpilare van Bethanie geword.

Daarna, in die dekades wat op die stigting van die Vrystaatse Republiek gevolg het, was daar volgehoue groei te Bethanie.(5)

Vir die gemeente was 25 September 1869, 35 jaar na die stigting van Bethanie, 'n mylpaal want toe is die groot kerkgebou ingewy. Die gebou, in die vorm van 'n Griekse kruis, is deur die Duitse argitek Richard Wocke ontwerp, en het aan 500 persone sitplek gebied. Die bakstene vir die gebou is op Bethanie self gemaak en die pragtige houtkansel is deur Schmidt vervaardig.(6)

Teen die einde van 1880 was Wuras 'n bejaarde man van 70 en beroep die komitee in Duitsland Eerwaarde Heinrich Grützner, die baanbreker sendeling in Transvaal, om Wuras by te staan. Terselfdertyd is Grützner benoem tot Superintendent van die Oranje-Sinode.(7)

Een van die redes waarom Wuras nie sy emeritaat wou aanvaar nie, was dat hy graag in 1884 aan die 50 jarige feesviering van Bethanie wou deelneem.(8)

Dit was vir die B.S.G. so 'n groot gebeurtenis dat direkteur Wangemann besluit

---

(5) Ibid, pp 50 - 58.
(6) Ibid, pp 50 -58.
(7) Ibid, pp 50 -58.
(8) Ibid, pp 50 -58.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het om, ten spyte van sy hoë ouderdom, Suid-Afrika vir 'n tweede keer te besoek. Vir die eerste keer in die geskiedenis van die B.S.G. in Suid-Afrika was die direkteur en al die sinodale superintendente en hul afgevaardigdes op die Genootskap se moederstasie byeen. Die jubelfees was 'n sigbare bewys dat die Genootskap se besluit in 1834 om met sendingwerk in Suid-Afrika te begin, 'n korrekte besluit was. (9)

Topografie:

Die fokuspunt van hierdie tekening van Wangemann is op Wolwekop. Verder is daar oral op die tekening stapels rotse en dit verleen 'n indruk van barheid aan die landskap. Die klein wit strepie regs langs die rotsstapel, wat aan die voet van 'n tweede donker stapel rotse lê, is 'n dam water met 'n wal. (10)

Links van die huise is 'n vierkantige stuk grond met 'n muur daarom. Die stuk grond is deur die dam besproei. Dit is opgedeel en is aan die gedoopte, gekleurde lidmate van die sendingkerk verhuur. 'n Paar huisies is daarop gebou. Voor die ry huisies loop die Rietrivier. Hierdie waterloop is gewoonlik droog maar met swaar reëns het dit so opgestoot dat die water by die huisies ingeloop het. Om die water weg te keer, het hul links van die kloktoring 'n muur begin bou.

Geboue:

Kerk en Skool - Regs op die tekening is die kerk en die skool. Die skool is die maklikste te onderskei as die geboutjie regs met die platdak. Regs langs die

---

(9) Ibid, pp 50 -58.
(10) H T Wangemann, op cit, pp 297 en 620 - 621.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

skool maar 'n bietjie meer vorentoe hang die klok tussen twee houtpale. Die groot[11] staandakgeboutjie links van die skool is die kerk.

In 1870 is 'n tweede kerkgebou op Bethanie opgerig. Die kerk was 'n Griekse kruiskerk en het geen toring gehad nie. Met die inwyding van die kerk was die rooi bakstene nog nie geverf nie en toe was dit kenmerkend van die Baksteen=gotiek. Later is die kerkgebou, soos so baie ander Afrika kerkgeboue, witgekalk. Naas die Gotiese hoofingang is 'n treffende eienskap van die Bethaniekerk die twaalf kruise op die dak - drie op elke gewel van die vier vleuels van die kerk wat saam ook 'n kruis vorm. Bethanie het ook 'n altaarnis wat baie tipies van die Berlynse sendingkerk is.[12]

Huise - Die huise van die sendingstasie is in twee groepe verdeel. Die skuins dak wat[13] agter die skool uitsteek is een van die Hottentot huise s'n. Regs langs die skool, maar 'n bietjie meer vorentoe, hang die klok tussen twee houtpale. Agter, tussen die kerk en die skool, is nog Hottentot huise. Tussen die kerk, die skool en die ry huise agtertoe loop die grootpad. Van die twee rye huise is die gebou wat die venster aan die[14] gewelkant links het, die huis van Broeder Wuras. Die huis is baie lank en het 'n groot aantal kamers. Links van Wuras se huis lê 'n lang, hoë gebou met drie huisdeure. Die dak is gedeeltelik deur die bome bedek. Die oorspronklike bedoeling was dat die groot gebou 'n opvoedkundige inrigting vir die sendelinge se kinders sou wees. Daarom het dit groot, hoë kamers. Toe die projek as opleidingsinrigting deur die mat geval het omdat daar nie sendingkinders op die stasie was nie en die ander

---

(11) H T Wangemann, op cit, pp 297 en 629 - 630.
(12) Ibid, pp 297 en 629 - 630.
(13) Ibid, pp 297 en 629 - 630.
(14) Ibid, pp 297 en 629 - 630.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sendingstasies baie ver weg was, het hierdie gebou ook 'n sendingwoning geword. Broeder Meyfarth het regs gewoon en broeder Mônnig links.

Die kamer in die middel is as poskantoor gebruik. (15)

Die hoê gebou links was die werksplek en die winkel van Broeder Mônnig. Die huisie wat links daarvan lê was die besigheid van die koopman, Fichard. Hy het hierdie gebou gedeeltelik self vir sy eie doeleindes gebou en het die orige deel vir 60 pond sterling van die Genootskap gekoop. (16)

Die gebou met die skuinsdak, aan die duskant van die pad, was vroeêr die raadhuis en gevangenis.

Verder vorentoe het die Bethuanas en die Korannas onder die beskutting van die rotsstapels hulle hutte gebou. (17)

Boerdery - Die dam het die sendingtuin agter die ry huise by die hoê bome besproei. Op die voorgrond van die tekening is die klipmuur van 'n veekraal. (18)

Onder Wuras se leiding het die stasie die middelpunt van die Duitse sendingwerk in die Oranje-Vrystaat geword. 'n Grootskaalse boerderybedryf is ontwikkel wat daartoe bygedra het dat die Swartes oorgehaal kon word om hulle nomadiese bestaan te (19) laat vaar en as plaaswerkers op gelei te word. Deur hierdie werk is baie lede van die boeregemeenskap, wat vroeêr om historiese redes teen

---

(15) Ibid, pp 297 en 629 - 630.
(16) Ibid, pp 297 en 629 - 630.
(17) Ibid, pp 297 en 629 - 630.
(18) Ibid, pp 297 en 629 - 630.
(19) Zôllner en Heese, op cit, p 477.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sendingwerk gekant was, met die evangelisasie van die inboorlinge versoen. Met Wuras se aftrede was Bethanie 'n ekonomies sterk sendingstasie wat selfs 'n wins getoon het.[20]

b. Pniël (Vrystaat): (1849)

Ligging: Pniël is in 1849 gestig op die oewer van die Vaalrivier oorkant Barkly Wes.

Topografie:

Pniël was op 'n skuinste van die oewer van die Vaalrivier omtrent 40 voet hoog, so hoog genoeg dat die golwe met hoogwater nie kon oorspoel nie. Onder gewone omstandighede is die Vaalrivier hier so diep dat mens nie deur kan loop nie.

Aan die oewers groei Wilger- en Kareebome. Die oewer word hoër en vlakker na gelang die water vloei. By Pniël het die heuwels 'n halwe kring gemaak en was nie al te steil nie sodat damme en tuine daar gemaak kon word. Die grond hier was deels kalkagtig of brakgrond en opsigself nie baie geskik vir tuine nie - die ander dele is sand en potklei wat wel goeie landerye bied. Laasgenoemde is ook geskik vir damme terwyl kalkgrond die water laat deursyfer.[21]

Geboue:

Die groot geboue regs, wat met 'n struikeheining omhein is, is die kerk. Net daaragter is volgens Wangemann 'n massief geboude kloktoring wat nie op die tekening sigbaar is nie. Links is die woonhuis van sendeling Zerwick en die

---

(20) Ibid, p 477.
(21) Ibid, pp 340 - 347 en 631 - 632.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

regse gewel behoort aan die huis van Broeder Kallenberg, wat nie getroud was nie.(22)

Die hutte op die voorgrond behoort aan die Betsuanas en lyk soos byekorf= hutte.(23)

Boerdery - Op die tekening anderkant die bome langs die Vaalrivier is dit bosveldwêreld - dit was die woon- en weivelde van die Korannas. Die veld om Pniël is goeie skaapwêreld maar is ook geskik vir beeste.(24)

By Pniël het die heuwels 'n halwe kring gemaak en was nie al te steil nie sodat damme daar gebou en tuine aangelê kon word. Die grond was hier deels kalkagtig of dit was brakgrond, dus nie baie geskik vir tuine nie - die ander dele is sand en potklei, geskik vir landerye.

Vervoermiddele - Voor die huise staan 'n voltentkakebeenwa of pionierswa.(25)

Mense - Sendeling Johann Lûdwig August Zerwicke het op 1 Januarie 1837 in Suid-Afrika aangekom.

Hy het later die sendingstasie Pniël gevestig en het ook die kerk daar gebou. Zerwick het volgens oorlewering by gebrek aan 'n perd sy gemeentelede per os besoek. Tydens sy verblyf op Pniël het die boere hom om sy dienste as homopaat besoek.(26)

---

(22) H T Wangemann, op cit, pp 340 - 347 en 631 - 632.
(23) Ibid, pp 340 - 347 en 631 - 632.
(24) Ibid, pp 340 - 347 en 631 - 632.
(25) Malan, op cit, p 82.
(26) Zöllner en Heese, op cit, p 480.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Heinrich Christian Kallenberg was op Pniël gestasioneer toe diamante daar langs die rivier gevind is en sy naam word in menige geskiedenisboek gevind omdat hy die B.S.G. se reg op die grond moes verdedig.(27)

c) Amalienstein: (1853)

__Ligging:__ Amalienstein, is in die distrik Ladismith, Kaap Provinsie, 14 km. Oos van Ladismith op die Calitzdorp pad geleë.(28)

__Geskiedenis:__

Dit is deur die B.S.G. begin en vernoem na Frau Amalie von Stein, 'n groot weldoenster aan die Sending Vereniging.(29)

In 1816 is die sendingstasie Zoar op die plaas Elandsfontein naby die Groot Zwartberg deur Petrus Jacobus Joubert, 'n sendeling van die Suid-Afrikaanse Sendingvereniging en oupa van Gen. P.J. Joubert, gevestig. Nadat hy daar weg is op 20 September 1833 is daar na 'n geskikte persoon om sy werk te doen gesoek en omdat daar niemand gevind kon word nie is die B.S.G. se hulp ingeroep. Die B.S.G. het egter voorsien dat hulle Zoar weer sal moet prysgee en het toe die aangrensende eiendom, Amalienstein, gekoop en 'n kerk daar opgerig in 1953. Op 17 September het die openingsfees wat drie dae sou duur, begin.

Na die Eerste Wêreldoorlog het die N.G. Sendingkerk 'n hele aantal stasies van die B.S.G. oorgeneem. Amalienstein het egter die eiendom van die Genootskap gebly, en is later verkoop aan D.R. Roux en J.H. Hofmeyr.(30)

---

(27) __Ibid__, p 187.
(28) Amalienstein, __in__ D J Potgieter (red.), __Standard Encyclopedia of Southern Africa__ I, p 318.
(29) __Ibid__, p 318.
(30) __Ibid__, p 318.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016



© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Topografie:

Op die tekeninge van Wangemann sien 'n mens die berge in die agtergrond, tewete die Swartberge. By die hoogste spits is Zevenweekspoort, in die middel van die tekening. By Zevenweekspoort is die berg 7000 voet. Regoor die hoë berge is 'n nadere reeks berge met 'n poort en daar is hoë bome in die voorgrond aan die voet waarvan 'n stroompie vloei. Deur die kloof by Amalienstein is 'n gemaakte pad wat van die Kaapkolonie na die Vrystaat gaan. Die voorste bergketting begrens min of meer die gebied van Amalienstein. Die landskap is baie romanties en in die berge waar dit regoor die kerk op die tekening donker aangedui is, is 'n kloof waarin daar 'n pragtige waterval was. Oor die heuweltjie, net bo by die spitsberg in die linkeragtergrond, gaan die pad van (31) Amalienstein na Zoar toe. Die veld is begroei met struike, bossies en pragtige blomme en dien as weiveld vir die vee. (32)

Geboue:

Kerk - Die Berlynse sendelinge het oor meer as honderd jaar kerke opgerig wat elkeen sy eie karakter gehad het. Die vernaamste twee stylelemente wat verteenwoordig is, was die baksteengotiek 'Backstein Gotik' of die Griekse kruis. Een van die pragtige kerke wat tot die baksteengotiek behoort het, was die St, Marienkerk in Lûbeck, Noord Duitsland. Die mees tipiese kenmerk van die baksteengotiek is die rooi bakstene waarmee dit gebou is. Die bakstene word in oonde gebak en kry vandaar hulle rooibruin kleur. Amalienstein se kerk behoort tot die baksteen gotiek en het ook, getrou aan die styl, 'n kerktoring. (33)

---

(31) H.T. Wangemann, op cit, pp 618 - 620.
(32) Ibid, pp 618 -620.
(33) W van der Merwe, Kerkargitektuur van die Berlynse Sendinggenootskap in Suid-Afrika, Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis, 1(2), Maart 1984, pp 41-42.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Winkel - Op die Wangemann tekening is die gebou regs van die regtergewel die dak van Broeder Elfert se winkel.

Skool - Die mure wat op die tekening aan Broeder Schmidt se huis grens en van die tuin af loop, behoort aan die gebou van die Opvoedingsinstituut waar die seuns van die sendelinge opgelei is. Hier het Broeder Heese, die onderwyser, ook gewoon. Regs daarvan, anderkant die bome, is die skool.

Huise - Verder regs van die skool is die huis van die vorige hulpprediker, Kallenberg. Toe Wangemann die tekening gemaak het, het die ambagsman daar gewoon.

Pastoor Meyer se huis vorm die middelpunt van die sendingstasie Amalienstein. Links daarvan op die tekening en regs van die kerk tussen die bome woon die ander sendelinge. Verder regs van die kerk is verstrooide huise waarin gekleurde sendingstasiebewoners woon. Die meeste is egter tussen die kerk en die huise deur die groep bome bedek. Tussen die bome is die huisies en tuintjies van die Hottentotte. Tussen die boerdery van Ylandfontein, die bome en Zevenweekspoort is die opstal van die Broeder August Schmidt.

In die voorgrond staan 'n aantal huise wat die Hottentotte gebou het. Wangemann sê hy het hulle op die voorgrond geteken sodat 'n mens kan sien hoe die gekleurdes gewoon het. Hierdie huisies het buiten die deur, slegs een venster gehad. Dan het hulle 'n skoorsteen gehad wat in die kleimure ingebou is. Dit

---

..

© University of Pretoria

Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

was in die woonvertrek en het as die kombuis gedien. Die huisies is almal hartbeeshuisies.(34)

In die voorgrond van die tekening is 'n voorbeeld van die latere kapsteilhuisies ook kleihuise genoem. Die huis het bestaan uit 'n riet- of grasdak tot op die grond en sonder mure. Later, soos op die tekening, het die mure hoër geword. Die raamwerk het bestaan uit kapbalke wat aan die bokant verstewig is deur hanebalke en die hanebalke is met houtpenne vasgeslaan. Tussen die balke was latte waaraan die dekmateriaal met riempies of grastou vasgemaak is. Om die raamwerk te verstewig is van 'n diagonale windlat gebruik gemaak. Aan die symuur van die huis, is daar 'n deur en links van die deur aan die kort muur is 'n vuurherd en skoorsteen aangebou. Hierdie is 'n boustyl wat dikwels by sendingstasies gebruik is.(35)

Boerdery - Buiten die prediking aan die bruin mense, is daar ook na hul tydelike behoeftes omgesien. Daarom is daar ook 'n boerdery begin onder leiding van 'n sendelingboer. Die landerye is natgelei vanaf 'n sterk stroom wat vanaf Zevenweekspoort gevloei het. Verskeie soorte appels, vye en pere is na Duitsland uitgevoer en op die Tweede Internasionale Uitstalling wat in Crystal Palace in London gehou is, het Eerwaarde A. Schmidt van Amalienstein se gedroogde vrugte 'n goue medalje gewen.(36)

By die ingang van Zevenweekspoort op die heuwel was 'n boerdery, Ylandfontein, waar Broeder Meyer van die B.S.G. gewoon het. Agter, tussen Zevenweekspoort en

---

(34) H T Wangemann, op cit, pp 618 - 620.
(35) Walton, op cit, pp 49 - 50.
(36) D J Potgieter (red.), op cit, I, p 318.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die bergspits by die riviertjie wat 'Amalia' omgrens, was die tuine van die Broeders. Hier het hulle die hele jaar se groente en vrugte gekweek.(37)

Van die groot oppervlakte van die sendingstasie Amalienstein is slegs 'n klein stukkie wat deur vore natgelei kon word, bewerk. Die water van Amalienstein het alles uit Zevenweekspoort gekom. Van Zevenweekspoort af het die water in die kunstig gemaakte vore na Amalienstein gevloei. Die Swartes het vir hulle uit hierdie vore kleiner leivore gemaak en solank daar genoeg water was, het alles pragtig gegroei. Dan het die watersloot van die kerk af skool toe geloop en vandaar na die tuine van die sendelinge. Daarna het die water in die 'Amalia' afgeloop.

In 'n jaar wanneer dit erg warm was het baie van die water egter opgedroog en het slegs 'n dun stroompie geloop. Dan het baie van die tuinerye en bome verdroog.(38)

d. Christianenburg: (1854)

Ligging: Christianenburg was sewe en 'n half uur te perd omtrent 10 Duitse myl van Pietermaritzburg af.(39)

Geskiedenis:

Posselt het in Julie 1854 die Christianenburg sendingstasie gevestig en dit na sy eerste vrou, Christina, vernoem. Sy gemeente hier in Nu-Duitsland het gefloreer.(40)

---

(37) H T Wangemann, op cit, pp 618 -620.
(38) Ibid, pp 619 - 620.
(39) H T Wangemann, op cit, pp 590 - 644.
(40) Ibid, pp 590 - 644.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Geboue:

Die huis op die heuwel in die middel van Wangemann se tekening is die van sendeling Posselt. Die uitstaande gedeelte van die een gebou met die skoorsteen is die kombuis. Regs daarvan is die stal wat tydelik ingerig is as die woonhuis van Broeders Strobel en Sachtleben. Nog verder regs is die vorige opleidingsinstituut wat ook met tye as kerk en skool gedien het.[41] Al met die heuwels langs is huisies wat deur die swartes van die sendingstasie bewoon is.

Die huise van Nu-Duitsland is oral op die heuwels geleë en links van Posselt se huis is die vriendelike Duitse kolonie se kerkie geleë. Op die voorgrond regs is 'n rondaweltjie.[42]

Boerdery - Om Posselt se huis is 'n tuin waarin piesangs, bamboes en koffieboompies sowel as pynappels groei.[43]

Mense - Carl Wilhelm Posselt: Is gebore te Diekow, Pruise op 20 Junie 1815 en oorlede te Christianenburg op 12 Mei 1885. Hy het gehelp om die stasie Emmaus te stig. in Maart 1841 is hy met sy eerste vrou Christina getroud. Omdat sy baie sieklik was het Wilhelm dikwels in Pietermaritzburg gekom waar hy die Duitse setlaars van Natal goed leer ken het. Hulle het hul in Pinetown Nu-Duitsland gevestig en hom gevra om hulle pastoor te word. Hy willig in maar keer in 1852 terug na sy ou stasie, Emmaus. In Julie 1854 het hy Christianen=burg gestig.[44]

---

(41) Ibid, pp 590 - 644.
(42) Ibid, pp 644 - 645.
(43) Ibid, pp 644 - 645.
(44) Zöllner en Heese, op cit, pp 333 - 334.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

e. Warthburg (Kaffraria): (1854)

Ligging en Topografie: Die agtergrond van hierdie waterverfskildery is die Indiese Oseaan en daar steek van links na regs 'n landtong in die see wat bekend gestaan het as die Bluff.(45)

Die tong is ongeveer 200 voet hoog en op die punt is 'n ligtoring wat 90 voet hoog was. Daaronder sien 'n mens die huise van die stad Durban wat daarvan geskei is deur 'n boeg. Die agterste ry heuwels links van Durban wat bokant die see uitsteek, staan bekend as die Berea. Die Berea is begroei met ondeurdring=bare tropiese plantegroei en 'n oerwoud. Links op die tekening, waar die heuwelrug uitloop, vloei die uitloop van die Umgenirivier. Al met die heuwel langs en links van die huis na onder is 'n groepie bome waarvan ook die wortels op die skildery sigbaar is - onder hierdie bome was 'n bank aangebring waarop die jong sendelinge dikwels gesit het. Want in Warthburg het daar baie jong pare voor die kansel gestaan.(46) Dit is kenmerkend van die Natalse landskap dat daar groepe kleiner woude voorkom, wat 'n parkagtige voorkoms aan die landskap verleen.(47)

Geboue:

Op die heuwels is landgoedhuise gebou waarin die welgestelde inwoners van Durban gewoon het. Hulle het 'n uitsig oor die stad en die see gehad. In die middel van die landskap is die woonhuis van sendeling Döhne, wat sy familie vir hom gebou het.(48)

---

(45) H T Wangemann, op cit, pp 625 - 626.
(46) Ibid, pp 625 - 626.
(47) Ibid, pp 625 - 626.
(48) Ibid, pp 625 - 626.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Boerdery:

Daar is op die tekening wit vlekke te sien wat die plekke aandui waar daar koffieplantasies aangelê is.(49)

f. Gerlachshoop: (1860)

Ligging: Gerlachshoop is in die distrik Middelburg, Transvaal geleê in die stamgebied van die opperhoof Maleo.(50)

Geskiedenis:

Gerlachshoop was met sy stigting in Augustus 1860 die eerste Berlynse sendingstasie in Transvaal. Wangemann het Gerlachshoop op 16 Mei 1867 besoek en toe was dit reeds vervalle soos op meegaande tekening gesien kan word.(51)

Topografie:

Die pad wat van regs afloop en na links gaan op die tekening is die pad na Maleo se kraal. Die gras op die voorgrond is so hoog dat die kop van 'n man te perd nie sigbaar is nie. Tydens Wangemann se besoek het die kraal nog gestaan maar was oorgroei met gras en onkruid. Die dam en watersloot was droog. Wangemann kon nog eet van 'n enkele granaat wat aan 'n boom gesit het en kon sy dors les aan 'n sappige liefdesappeltjie wat daar wild gegroei het.(52)

Geboue:

Kerk - Die hoofgebou, in die middel van die tekening, was die reeds vervalle kerkie. Daar was 'n bars in die gewel, die deure en vensters was uitgebreek en

---

(49) Ibid, pp 625 - 626.
(50) Zöllner en Heese, op cit, p 8.
(51) H T Wangemann, op cit, pp 401 - 402 en 634.
(52) Ibid, pp 401 - 402 en 634.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hoë gras en onkruid het menshoogte gegroei. Die ingangspyle van die kerk se dak het reeds ingestort asook die grasdak en deur die sparre was die reste van die balke sigbaar. Al wat oorgebly het was aan die oorkant van die deur, die klipaltaar wat twee klein Gotiese bogies gehad het en deur twee hoeksuile gedra is.(53)

Huise:

Links van die kerk staan twee huise. Die een met die dak was die ou kombuis en die een sonder die dak was die woonhuis van Merensky en Grützner. Die huis regs van die kerk was Merensky se eerste huis en later het Sachtleben daar gewoon. Aangesien Wangemann die vervalle huise geteken het toe hulle reeds vervalle was(54) kan 'n mens sien hoe hulle gebou is. Veral by die huis aan die regterkant van die kerk is die balkeraamwerk op die tekening sigbaar. Die hoë gras was seker vir die sendelinge handige dekmateriaal.(55)

Boerdery:

Die bome links van die huis was kweper- en perskebome uit die ou sendingtuin.(56)

g. Lydenburg: (1860)

Ligging: Lydenburg, wat vir 'n kort tydjie die hoofstad van die klein Republiek van Lydenburg in Transvaal was, lê in 'n vlakte wat aan die Oostekant deur die uitlope van die Drakensberge omgrens word.(57)

---

(53) *Ibid*, pp 401 - 402 en 634.
(54) *Ibid*, pp 401 - 402 en 634.
(55) *Ibid*, pp 401 - 402 en 634.
(56) *Ibid*, pp 401 - 402 en 634.
(57) H T Wangemann, *op cit*, p 640.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Topografie:

Die Lydenburgse distrik was ryk aan koper, yster, water en weiveld. Op die tekening sien 'n mens ook rondom die kerkgebou die laning bome wat 'n kenmerk van die plattelandse dorpies was. Gewoonlik was dit sipresse, peper- of bloekombome - in die geval oënskynlik bloekom.(58)

Geboue:

Kerk - In die middel van die Wangemann tekening tussen die bome is die N.G. Kerk sigbaar en links daarnaas is die N.G. pastorie waar die pastoor van die Berlynse sending gasvrye liefde ontvang het. Die groot huis verder links, met die twee reguit endgewels, het Broeder Nachtigal van die Berlynse sending in 1866 gehuur en daar 'n sendingstasie vir Lydenburg gevestig. Verder links is daar anderkant die straat die hoofgebou van die Berlynse sendingstasie waarin daar kerk en skool gehou is.(59)

Huise:

Nog verder na links op die tekening is die hutte van die Basotho lidmate van die sendingstasie. Regs van die kerk in die agtergrond is die boereplaas wat Wangemann tydens sy besoek vir die sending aangekoop het en waar Broeder Nachtigal vir ' tyd gewoon het. Soos op die tekening gesien kan word, staan die woonhuis, die kerk en winkels op 'n streep langs mekaar.(60)

Boerdery:

Nachtigal se huis het 'n betreklik groot tuin gehad en op die landerye is ook

---

(58) Universiteit van Pretoria. Departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurge= skiedenis. Kursus II Aantekeninge, p 16.
(59) H T Wangemann, op cit, p 640.
(60) Zôllner en Heese, op cit, pp 294 - 295.



© University of Pretoria
Digitised by the Open Scholarship & Digitisation Programme, University of Pretoria, 2016

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

koring verbou.[61]

Mense:

